MIKRO

WERK EN SKEP

# NWT
## WEEK 7
## Gebruike van metale (vervolg)
Maandag, 1 Junie 2020

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# GEBRUIKE VAN METALE
Voltooi die aktiwiteit in jou boek!




## Hersiening van Onderwerp 7

### Wetenskapstaalaktiwiteit

Pas die woorde in Kolom A by die korrekte betekenis in Kolom B.

| A | B |
|---|---|
| 1. Magneties | a. Rooibruin laag wat op yster verskyn |
| 2. Aanslaan | b. Faktore wat verander kan word in 'n ondersoek |
| 3. Struktuur | c. Materiaal wat deur 'n magneet aangetrek word |
| 4. Roes | d. 'n Dowwe laag wat op nie-metale voorkom |
| 5. Veranderlike | e. Raamwerk |




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hersieningsaktiwiteit

Kyk na die foto's hierbo.

1. Watter van die voorwerpe sal deur 'n magneet aangetrek word? (4)
2. Watter van die voorwerpe sal hitte gelei? (4)
3. Watter van die voorwerpe sal roes? (2)
4. Kyk na die tabel hieronder, wat die eienskappe van metale wys.

| Voorwerp | Metaal | Sterkte | Bevat yster | Smeebaar | Gewig van metaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Deurhandvatsel | Geelkoper | Redelik sterk | Nee | Vorm baie maklik | Swaar |
| Graaf | Staal | Baie sterk | Ja | Moeilik om te vorm | Redelik swaar |
| Vensterraam | Aluminium | Baie sterk | Nee | Moeilik om te vorm | Lig |
| Teelepel | Vlekvrye staal | Redelik sterk | 'n Bietjie | Redelik maklik om te vorm | Redelik lig |

a. Hoekom dink jy sal die teelepel nie roes nie? (3)
b. Verduidelik hoekom 'n werker nie 'n aluminiumgraaf sal kies nie. (3)
c. Waarom maak fabrieke deurhandvatsels van geelkoper? (3)
d. Hoekom sal 'n mens nie gewoonlik 'n teelepel van geelkoper maak nie? (3)
e. Verduidelik hoekom dit beter is om vensterrame van aluminium te maak en nie van staal nie. (3)

LAERSKOOL MIKRO

Laerskool Mikro Kopiereg ©

MEMORANDUM

- **WETENSKAPSTAALAKTIWITEIT**

1. C  2. D
3. E  4. A
5. B

- **HERSIENINGSAKTIWITEIT**

1. A
2. A, B, C, F, G
3. B, G, D

4.a. Die teelepel bevat vlekvrye staal wat nie roes nie.

4.b. Aluminium is ‘n baie ligte metaal en sal maklik buig, daarom sal dit nie gebruik word vir ‘n graaf wat in die grond moet spit nie.

4.c. Dit vorm maklik en is redelik sterk.

4.d. Geelkoper is ‘n swaar metaal en ‘n teelepel het nie nodig om swaar te wees nie, want ons roer net in ‘n koppie daarmee.

4.e. Aluminium vensterrame roes nie, terwyl staalrame roes en weer geverf moet word.